Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Rein is Hy wat Sy dienskneg in die nag laat reis het vanaf die Haram Moskee tot by die Al-Aqsa Moskee, wat deel is van die omgewing van die land Sirië wat Ons in geheel geseën het, sodat Ons hom sommige van Ons boodskap en bewyse laat sien het. Waarlik, Hy is die Alhorende, die Alsiende.

2. Ons het aan Moses die Boek gegee, die Torah of Wetboek, en dit 'n leiding gemaak vir die kinders van Israel, met die opdrag: “Moenie enigiemand anders as Ek vir julle as voog en beskermer neem nie,...

3. ...julle die nageslag van diegene wat Ons saam met Noag aan boord van die Ark geplaas het. Waarlik Noag was 'n baie dankbare dienskneg.”

4.. En in die Boek, het Ons aan die kinders van Israel verklaar: “Julle gaan verseker twee keer wanorde op die aarde saai, en julle gaan verseker arrogant wees, sommer baie arrogant.”

5. So, toe die bepaalde tyd kom vir die eerste van die twee tydperke van wanorde, het ons op julle afgestuur sommige diensknegte wat aan Ons behoort wat sterk aggressiewe krag besit het, en wat julle huise gefynkam het. Dit was 'n belofte wat vervul moes word.

6. Toe het Ons weer aan julle, julle beurt gegee om hulle te oorweldig, en julle krag vermeerder met rykdom en seën, en julle meer as hulle gemaak.

7. Indien julle goed doen, dan doen julle dit vir julleself en indien julle sonde doen, dan doen julle dit ook vir julleself. Later toe die tyd aangebreek het vir die tweede tyd van wanorde, het Ons ander gestuur om julle gesigte te bederf, en sodat hulle die Moskees betree soos wat die voor hulle die eerste keer gedoen het en dit wat hulle oorweldig het, algeheel vernietig het.

8. Miskien sal julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer genade aan julle betoon. En indien julle weer begin om ongehoorsaam en opstandig te wees, sal Ons julle op 'n soortgelyke manier straf. En Ons het die Hel 'n gevangenes vir die ongelowiges gemaak.

Die wonder van die Koran

9. Waarlik, hierdie Koran begelei na die maklikste, veiligste en kortste weg na die eindbestemming en gee aan die gelowiges wat goeie dade doen die goeie nuus dat daar vir hulle 'n groot beloning wag,

10. en dat vir hulle wat nie in die Hiernamaals glo nie, het Ons 'n pynlike straf voorberei.

11. Omdat die mens van nature oorhaastig* is bid hy dikwels vir iets wat nie tot sy voordeel is nie op dieselfde wyse as wat hy bid vir dinge wat tot sy voordeel sal wees. (*K21:37)

12. En Ons het die nag en die dag twee tekens gemaak: die teken van die nag is die donkerte en die teken van die dag is die helder lig, sodat jy genade van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer kan soek, en sodat jy die jare kan tel en berekenings kan maak.

13. En die optrede en dade van elke mens wat sy uiteindelike lot gaan bepaal, bly by elke mens so asof dit aan sy nek vasgebind is, en Ons sal met die Opstandingsdag vir hom 'n wyd geopende boek gee waarin alles aangeteken is, met die opdrag:

14. “Lees jou boek. Vandag is jy voldoende om jou eie berekenings te maak.”

Boodskappers gaan altyd straf vooruit

15. Wie ook al die regte weg bewandel en so binne die wil van Allah lewe, doen so tot sy eie voordeel en wie ook al afdwaal doen so tot sy eie nadeel. En geen draer van 'n las sal iemand anders se las dra nie. En dit is nie Ons manier om enigiemand te straf sonder dat Ons eers 'n Boodskapper gestuur het nie.

16. En wanneer Ons beplan om 'n stad te verwoes, dan gebeur dit dat nadat Ons die invloedryke mense van die stad beveel het om goed te doen, dat hulle steeds sonde doen met die gevolg dat Ons die straf wat Ons beplan het tot uitvoer bring en hulle geheel en al verdelg.

17. En hoeveel geslagte na Noag het Ons nie vernietig nie! En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is in staat daartoe om alles te weet, en die sondes van Sy diensknegte te sien.

Onmiddelike vergoeding of vergoeding in die Hiernamaals

18. Wie ook al die onmiddelike voordele van hierdie lewe verkies, Ons gee aan hom net hier, in hierdie lewe, net soveel soos wat Ons wil en aan wie ons wil. En dan bepaal Ons dat hy Hel toe sal gaan waar hy verdoem en verwerp sal ingaan.

19. Maar wie ook al die Hiernamaals verkies en as gelowige met opregtheid pogings aanwend om goeie dade te doen met die oog daarop om die Hiernamaals en die belonings daarvan as vergoeding te ontvang, hulle pogings word waardeer en sal deur Allah beloon word!

20. Aan alle mense, van beide groepe, skenk Ons die seëninge van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. En die seëninge van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer word van niemand weerhou nie.

Waar die vorige verse onder andere Geloof as voorwaarde vir die aanvaarding van goeie dade stel, wil die volgende verse duidelike instruksies gee ten opsigte van sommige van die goeie dade, soos:

1. Allah bepaal die Orde in hierdie wêreld

21. Kyk net hoe het Ons gemaak dat sommige van hulle die ander verbysteek in hierdie wêreld en, natuurlik is die Hiernamaals veel hoër ten opsigte van die range wat toegeken sal word en vêr groter in grade van meriete.

2. Waak teen afgode

22. Moenie enige ander god saam met Allah opstel nie, of julle sal julleself as verdoem en verlate bevind, sonder enige hulp vanaf Allah en net dit wat julle as god opgestel het, wat julle in elk geval nie kan help nie.

3. Behandel julle ouers met agting en geduld

23. Want julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het bepaal dat julle niks of niemand anders as net Hom sal Aanbid nie en dat julle goed sal doen aan julle ouers. As een van julle ouers of hulle albei bejaard raak, moet dan nie met hulle ongeduldig wees of hulle minag nie en ook nie met hulle met ongeduld en minagting praat nie. Spreek hulle aan met woorde van respek,

24. en stel jouself met meegevoel aan hulle onderdanig met woorde van nederigheid en sê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, wees genadig teenoor hulle want hulle het my opgevoed in my kinderdae.”

25. Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste wat in julle harte is. Indien julle gewoonweg julle ouers goed behandel maar per ongeluk iets sê of doen wat verkeerd is teenoor julle ouers, teenoor hulle is Allah Meesvergewend indien hulle met berou na Hom toe kom.

26. En gee aan die familielid wat hom toekom en waarop hy geregtig is, so ook aan die behoeftige en aan die reisiger. Maar moenie julle geld en besittings op uitspattigheid wyse, spandabelrig en roekeloos verkwis nie. (K7:31)

27. Waarlik verkwisters is broers van satans, en die Satan is baie ondankbaar teenoor sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer.

4. As jy niks het om te gee nie, bly steeds hoflik

28. Maar as diegene teenoor wie jy 'n verantwoordelikheid het, na jou toe kom vir iets en jy het niks om te gee nie, praat steeds met hulle op 'n hoflike manier terwyl jy hulle mooi laat verstaan dat jy in die stadium niks het om te gee nie.

5. Oormatige spandering word ook verbied

29. Moenie suinig wees nie, maar moet ook nie alles wat jy het weggee nie, sodat jy nie jouself verwyt omdat dan self niks oorhet nie.

30. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer vermeerder onderhoud aan wie Hy ook al wil, en beperk dit vir wie Hy ook al wil. Waarlik, Hy is Albewus ten opsigte van Sy diensknegte, en Alsiende.

6. 'n Verbod op die doodmaak van dogtertjies soos die Arabiese praktyk was

31. En moenie julle kinders doodmaak uit vrees vir armoede nie. Ons voorsien onderhoud aan hulle en aan julle ook. Om hulle dood te maak is inderdaad 'n baie groot sonde.

7. Buite-egtelike seks is taboe

32. En moenie eers naby buite-egtelike seks kom nie. Dit is inderdaad 'n skande en 'n sonde.

8. Onregmatige Doodmaak: Geregverdigde Weerwraak

33. En moenie iemand doodmaak aan wie Allah skuiling gegee het en van wie die doodmaak verbode is nie, behalwe om 'n geregverdigde rede. En wie ook al onregverdig doodgemaak word, Ons het aan sy wettige erfgenaam die magtiging gegee om sy dood te wreek, maar hy mag nie die beperkinge oorskry ten opsigte die neem van lewe nie. Die wraak van so iemand is wetlik geregverdig.

9. Die Finansiële Regte van die Weeskind

34a. En moenie naby die eiendom kom van 'n weeskind nie behalwe op die korrekte manier, totdat hy volwassenheid bereik.

10. Die Finansiële Regte van Kontrakte en Ooreenkoms

34b. Kom julle Kontrakte en Ooreenkomste na: die met Allah sowel as die met julle medemense. Waarlik tydens die Oordeelsdag gaan daar gevra word na hoe mense opgetree het ten opsigte van die bepalings van Kontrakte en Ooreenkomste en of dit nagekom was.

11. Die Finansiële Regte van Mate en Gewigte

35. En meet die volle maat af wanneer jy meet en weeg met 'n skaal wat korrek weeg. Dit is baie goed en aan die einde baie beter.

12. Jy mag net iets doen as jy baie seker is daarvan

36. En moenie agter iets aangaan of dit najaag of navolg of uitlatings maak oor iets waarvan jy geen kennis dra nie: maak absoluut seker van jou feite voordat jy dit as betroubare en navolgenswaardige inligting beskou. Waarlik die oor, die oog en die hart gaan ondervra word oor dit wat hulle aangehou het om te hoor, te sien en te bedink.

37. En moenie op 'n arrogante manier: aanmatigend en verwaand, op die aarde loop en die aarde bewandel nie*. Wees nederig want jy is nie in staat om die aarde uitmekaar te skeur of die berge wat hoogte aan betref na te maak nie. (*K16:23)

Hoe voel Allah oor die oortredings van voorgenoemde?

38. Dit wat sondig is, ten opsigte van al die voorgenoemde bepalings, is afskuwelik en verfoeilik in die oë van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer.

39. Hierdie is deel van die Wysheid wat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan jou geopenbaar het. En moenie enige ander god saam met Allah daarstel nie, tensy julle, beskuldig en verwerp, in die Hel gegooi wil word.

40. Is die uitlating van die afgodedienaars dan so dat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer dit so verkies het dat net julle seuns sal hê en Hy vir Hom die engele as dogters aangeneem het? Sowaar: julle sê vreeslike dinge in julle bewerings dat Allah kinders het en nogal die dogters: iets wat julle nie eers self wil hê nie en doodmaak by geboorte deur hulle lewendig te begrawe.

Die Koran walg sommige mense

41. Dit is waarlik so dat Ons dinge op 'n verskeidenheid van maniere in hierdie Koran verduidelik het, sodat hulle daaruit raad en advies kan verkry: maar tog vermeerder dit niks anders by hulle nie as afkeer, teensin, haat en walging.

42. Mohammed sê vir hierdie afgodedienaars: “Indien daar wel ander gode saam met Allah sou wees wie julle naas Allah aanbid in die hoop dat hulle julle nader aan Allah sal bring en namens julle by Allah sal intree,” soos hulle sê, “dan sou diegene wat hulle naas Allah stel self 'n manier gevind het om nader aan Allah wees as 'n tussenganger tussen hulle en die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Troon. So hoekom nou 'n tussenganger hê, as die tussengangers in dieselfde posisie as julle voor Allah staan: gaan sommer direk na Allah. Daar is geen nodigheid vir tussengangers nie.”

43. Allah is egter Rein, en Verhewe en baie, baie hoog bokant dit wat hulle sê.

44. Al sewe die hemele asook die aarde en alles daarin en daarop loof, prys en verheerlik Sy reinheid: die feit dat Hy Enig is. En daar is nie 'n enkele ding wat nie Sy reinheid en lof besing nie: julle verstaan net nie hulle lofprysing en verheerliking nie omdat dit nie op julle manier en in julle tale is nie*. Waarlik Hy sien oor en is nie haastig om die ongehoorsames te straf nie, en is Verdraagsaam en Meesvergewend. (*K34:10 & K21:79)

45. En wanneer julle die Koran resiteer, dan plaas Ons 'n onsigbare gordyn tussen julle en diegene wat nie in die Hiernamaals glo nie.

46. En Ons plaas bedekkings op hulle harte, sodat hulle dit nie verstaan nie, en doofheid in hulle ore*. En wanneer julle slegs na julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer in die Koran verwys, dan draai hulle, hul rûe daarop in afkeer. (*K18:57 & K16:108 & K45:23)

47. Ons is ten volle bewus van dit waarvoor hulle luister, wanneer hulle na jou luister, en wanneer hulle in die geheim beraadslaag: wanneer die oortreders sê: “Julle volg niemand anders nie as 'n gewone mens wat betowerd is nie.”

48. Kyk net watse vergelykings het hulle oor jou saamgeflans, soveel so dat hulle heeltemal afgedwaal het en nie die weg kan vind nie.

Die ongelowiges redekawel oor die Opstandingsdag maar kom, kom dit!

49. En hulle sê: “Is die Opstandingsdag wanneer daar van ons niks meer oor is nie as bene en stof, is dit dan, wanneer ons opgewek sal word, nuut geskape?”

50. Mohammed, sê vir hulle: “Of julle nou klippe of yster...

51. ...of watter harder materiaal julle harte ook al van gemaak is, sal wees, opgewek gaan julle opgewek word.” En as hulle daarop vir jou vra: “Wie sal ons terugbring uit die dood uit?” dan antwoord jy hulle: “Die Een wat julle die eerste keer geskape het.” Dan sal hulle, hulle koppe voor jou skud en vra: “Wanneer sal dit wees?” Daarop moet jy antwoord: “Miskien is die tyd daarvoor naby.”

Beide gelowiges en ongelowiges sal lofprysend verrys: die uitroepe van berou sal eers later by die ongelowiges kom

52. Dit sal plaasvind op 'n dag wanneer Hy julle sal roep, en julle, gelowiges en ongelowiges daarop sal reageer deur Hom te loof en te prys en julle sal dink dat julle net vir 'n kort rukkie op die aarde was*. (*K79:46)

Mooipraat en goeie kommunikasievaardighede fnuik die planne van Satan om tweedrag tussen mense te saai

53. En sê vir My diensknegte dat hulle met mekaar en die ongelowiges op 'n mooi manier moet praat. Waarlik, Satan veroorsaak geskille en rusie tussen mense. Satan is inderdaad 'n openlike vyand vir die mensdom

54. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer ken jou die beste. Indien dit Sy wil is, sal Hy jou genadig wees en indien dit Sy wil is, sal Hy jou straf. Ons het jou nie gestuur om vir hulle verantwoordelik te wees nie.

55. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste ten opsigte van almal in die hemele en op die aarde. Ons het ook aan sommige Profete meer voortreflikheid gegee as aan ander. En aan Dawid het ons die Psalms gegee.

56. Mohammed, sê vir hulle: “Roep diegene wat aanneem gode naas Allah is, terwyl hulle inderwaarheid geen mag het om nood en ellende van julle af weg te neem of dit te verskuif nie.”

57. Diegene wat hulle aanroep, is self op soek na 'n manier om nader aan hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer te kom met die doel om die naaste aan Hom te kom, en hulle hoop ook vir Sy genade en vrees ook Sy straf. Die straf van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer moet inderdaad gevrees word.

58. En daar is nie 'n dorp wat Ons nie voor die Oordeelsdag gaan vernietig of met 'n groot straf gaan straf nie. Dit is wat geskryf staan in die Boek.

59. Niks het Ons daarvan weerhou om die Boodskap en Bewyse te stuur nie, behalwe dat dit vroeër deur mense belieg en belaster was. En ons het aan Thamud die vroulike kameel as openbaring gegee om hulle oë oop te maak en toe het hulle verkeerd teenoor haar opgetree. En Ons stuur Boodskappe en Bewyse om geen ander rede nie as om te waarsku.

60. En onthou toe Ons vir julle gesê het dat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer alle mense omvat. En Ons het nie die skouspel vir enige ander rede gemaak as om vir die mense 'n toets te wys nie: so ook die boom wat in die Koran vervloek is. En Ons het hulle gewaarsku, en tog het dit tot niks anders bygedra nie as dat dit hulle net vermeerder het in hulle rebellie.

61. Onthou ook, toe Ons vir die engele beveel het: "Kniel voor Adam neer" het hulle neergekniel, behalwe vir Iblis, die Satan. Satan het gesê: "Moet ek neerkniel voor die een wie U uit modder geskape het?"

62. Verder het Satan gesê: "Sê my, is hierdie die een wie U bo my vereer het: as U aan my uitstel verleen tot en met die Oordeelsdag, sal ek, behalwe vir 'n paar van hulle, sy nageslag aan my onderwerp.*" (*K34:20 & K7:17)

63. Daarop antwoord Allah: "Gaan dan, en wie ook al van hulle jou volg, die Hel is die beloning wat almal van julle sal ontvang: die volle beloning vir julle optrede."

64. En verlei met jou stem diegene van hulle wat jy kan, en gebruik teen hulle jou volle mag en krag: selfs as jy perderuiters en voetsoldate sou hê kon jy dit ook gebruik, en deel met hulle in hulle rykdom wat hulle op 'n valse, ontoelaatbare en onwettige manier verkry het of spandeer het, en in hulle kinders wat hulle op buite-egtelike wyse verwek het of grootmaak as Ongelowiges en Veelgodedienaars en met onwettige inkomstebronne, en maak allerhande beloftes aan hulle... en die Satan belowe inderdaad aan hulle niks anders as dwaling en bedrog nie...

65. "Maar wat betref My diensknegte, oor hulle het jy geen beheer en mag nie. Want jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is genoegsaam vir hulle as beskermer, ondersteuner en helper om na alles om te sien."

66. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Een wat julle skepe in staat stel om op die see te kan vaar sodat julle seevaarte en soektogte na rykdom kan onderneem: waarlik Hy is Ewiggenadig teenoor julle.

67. En wanneer julle dan op see ontbering en moeilikheid ervaar, dan is diegene tot wie julle voorheen om hulp geroep het vergete, behalwe vir Hom. Dan, net sodra as wat Allah julle weer veilig op land gebring het, dan draai julle weer weg van Hom af. Die mens is so ondankbaar.

68. Voel julle, julleself dan so veilig op droë land teen die feit dat Hy 'n deel van die land met julle en al kan laat wegsink in die aarde in, of dat Hy reën met hael op julle kan neerstuur, waartydens julle geen beskerming sal kan vind nie?

69. Of voel julle, julleself beveilig teen die feit dat Hy julle weer op see kan neem en 'n hewige windstorm kan stuur wat julle verdrink vir julle ongeloof, waarop julle niemand sal vind om julle saak teen Ons aan te voer nie.

70. Ons het aan die kinders van Adam waardigheid verleen en aan hulle vervoermiddele voorsien op land en op see, en hulle voorsien van 'n verskeidenheid van goeie dinge en hulle baie meer voortreflik gemaak as baie van dit wat Ons geskape het.

Tydens die Oordeelsdag sal elkeen uit sy eie "rekord" lees

71. Dink aan die Dag wanneer Ons elke volk met die boeke waarin hulle dade opgeteken is. Wie dan ook al sy boek in sy regterhand gegee sal word: sulke mense sal hulle boeke lees en hulle sal nie in die minste benadeel word nie.

72. En wie blind is in hierdie wêreld sal blind wees in die Hiernamaals en nog verder afgedwaal van die weg.

Van die Hoofde van die Koreisj in Mekka probeer die Profeet verlei

73. Sowaar, hulle was op die punt om jou te verlei weg van dit wat Ons aan jou geopenbaar het, sodat jy iets anders in Ons naam kon vervals of uitdink, waarna hulle jou as 'n vriend sou beskou het.

74. As dit nie was dat Ons jou standvastig gemaak het nie, is die kans goed dat jy so 'n bietjie na hulle kant toe sou geneig het.

75. In so 'n geval sou Ons jou verseker 'n dubbele straf laat smaak het in hierdie lewe en 'n dubbele straf na die dood: dan sou jy niemand kon vind om jou teen Ons te help nie.

76. En hulle sou jou waarskynlik lastig geval en gepla het in die land, sodat hulle jou daaruit kon verban. In daardie geval sou hulle self nie na jou lank daar gebly het nie.

77. So het Ons met die Boodskappers voor jou gemaak en jy sal vind dat Ons nie op 'n ander manier teenoor jou opgetree het nie.

Opdrag vir die vyf daaglikse Aanbiddingsessies

78. Maak Aanbidding 'n instelling vanaf die tyd wanneer die son na die middel van die dag begin ondergaan totdat dit heeltemal nagdonker is, asook die voordrag van die Koran tydens die Aanbidding teen sonop. Waarlik, die voordrag met sonop word goed bygewoon, deur die engele van die nag en die van die dag wat in beheer is van die mens, wanneer hulle omruil.

Addisionele Gebed gedurende die Nag

79. En Mohammed, word gedurende die nag wakker vir die bykomende Aanbidding. Dit sal mees waarskynlik gebeur dat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer jou in 'n Verhoogde Prysenswaardige Posisie sal plaas.

80. En bid: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer maak dat ek 'n Medina op 'n goeie manier sal binnegaan en ook Mekka op 'n goeie manier sal verlaat, en skenk aan my van U Eie krag sodat ek suksesvol sal wees, soos wat U verkies.”

Tydens die oorwinning van Mekka het die Profeet die 360 afgodsbeelde rondom die “Baytullah” een vir een met sy stapstok omgestamp met die woorde...

81. Verder moet jy sê, wanneer jy Mekka oorwin en die beelde een vir een omstamp: “Waarheid het gekom en dit wat vals is het verdwyn. Dit wat vals is, is verseker bestem om te verdwyn.”

82. En Ons openbaar die Koran wat 'n geestelike genesing van afgodery en ongeloof is, van immoraliteit en geestelike ongesteldhede asook van fisiese genesing en genade vir die gelowiges is. Dit help die sondiges egter niks nie behalwe net meer verlies. (K14:1)

Verskillende mense reageer verskillend op die gunste en beproewings wat Allah skenk

83. Wanneer Ons, Ons gunste aan die mens skenk en dit gaan goed met hom, dan word hy arrogant en draai hy hom weg in 'n poging om nie erkenning hoef te gee en gehoorsaam hoef te wees aan die Gewer van sy rykdom nie, maar wanneer iets slegs met hom gebeur dan is hy algeheel wanhopig. (K11:9 tot 11)

84. Sê vir hulle: “So tree elke mens maar op volgens sy eie geaardheid, gewoontes, instinkte, bedoelings, maniere, styl, karakter en persoonlikheid*. Want jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet wie het die beste leiding ontvang, julle of ons.” (*K24:26 & K14:4)

Die Siel

85. En dan vra die Ongelowiges ook vir jou uit oor die siel van die mens en die dier. Sê vir hulle: “Die siel is iets wat ontstaan het in opdrag van Allah: dit is dus nie geskape uit materie of iets tasbaars of sigbaars nie, maar het in opdrag van Allah ontstaan, en aan julle is maar min kennis daaroor gegee omdat julle dit waarskynlik nou in elk geval nie sal begryp nie.” (K15:29)

86. En indien Ons so wil, sal Ons verseker van julle wegneem dit wat Ons aan julle geopenbaar het, en dan sal julle niemand vind op wie julle in hierdie aangeleentheid, teen Ons, op kan staatmaak nie.

87. Maar dit is 'n genade van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Sy guns aan julle is inderdaad groot.

88. Sê vir hulle: “Indien al die mense en al die Jinn sou saamspan en probeer om iets soortgelyk aan die Koran voort te bring, sou hulle dit nie regkry nie, selfs al help hulle mekaar.”

89. En waarlik, Ons het vir die mens, in die Koran, alle onderwerpe op 'n verskeidenheid van maniere verduidelik. En steeds weier meeste mense om Allah te dank vir Sy seëninge en die ware waarde van die Koran te erken en enigiets anders te doen as om dit te verwerp.

90. En hulle sê: “Mohammed, ons sal nooit in jou glo nie tensy jy vir ons hier uit die aarde 'n fontein laat ontspring.

91. Of tensy jy 'n tuin met dadelpalms en druiwe het, en jy riviere daartussen laat voortspruit met volop water.

92. Of tensy jy die hemel in stukke op ons laat val, soos jy daarop aanspraak maak, of tensy jy Allah en die engele van aangesig tot aangesig hier voor ons bring.

93. Of tensy jy 'n huis van goud kan laat maak, of tensy jy opvaar na die hemel, wat ons in elk geval nie sal glo nie, tensy jy na ons toe 'n boek afstuur wat ons kan lees.” Mohammed, sê vir hulle: “Ek verkondig die Reinheid van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Ek is niks anders nie as maar net 'n mens en 'n boodskapper.”

Slegs menslike mense kan vir mense Boodskappers wees

94. En daar was niks wat mense verhoed het om te glo, toe leiding na hulle toe gekom het nie, as net dat hulle gesê het: “Het Allah 'n mens as 'n boodskapper gestuur?”

95. Sê vir hulle: “Indien daar engele op die aarde gewoon het wat die aarde bewandel het, sou ons definitief 'n engel uit die hemele as 'n boodskapper gestuur het.”

96. Sê ook vir hulle: “Allah is genoegsame getuie tussen my en julle. Waarlik ten opsigte van Sy diensknegte is Hy Albewus, Aloplettend.”

97. En diegene wat deur Allah gelei word is reg gelei. En wie Allah laat afdwaal, vir hulle sal jy nooit enige helpers kan vind behalwe Allah self, nie. En Ons sal hulle op die Oordeelsdag bymekaarmaak met hulle hangende gesigte, blind, stom en doof. Hulle woonplek is die Vuur. En wanneer die Vuur begin uitbrand, dan vermeerder Ons weer die vlamme vir hulle.

98. Dit is hulle straf omdat hulle Ons Boodskap en Bewyse verwerp het en gesê het: “Wat! Wil jy vir ons vertel dat ons, nadat ons niks meer as bene en stof is nie, opgewek sal word, opnuut geskape?”

99. Het hulle dan nie gesien dat Allah wat die hemele en die aarde geskape het, die krag besit om hulle weer te skep soos wat hulle was nie? En dat Hy daarvoor ongetwyfeld 'n bepaalde tyd vasgestel het nie. En steeds het die kwaaddoeners geweier om enigiets anders te doen, as om net te verwerp.

100. Sê vir hulle: “Selfs al sou julle die onuitputbare rykdom van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer se seëninge besit het, sou julle dit steeds teruggehou het, sodat dit nie spandeer word nie. Die mens is so gierig en inhalig.

Die nege Boodskappe en Bewyse wat aan Moses gegee was

101. Waarlik, Ons het aan Moses nege duidelike boodskappe en bewyse gegee. Vra maar net vir die kinders van Israel, toe Farao na hulle toe gekom het, het hy vir Moses gesê: “Moses, ek is bang, want jy is getoor.”

102. Moses het toe geantwoord: “Jy weet baie goed dat die Boodskappe en Bewyse wat ek bring, word moontlik gemaak deur niks en niemand anders nie as die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde sodat jou oë kan oopgaan.”

103. Toe probeer Farao om vir Moses uit die land uit te verdryf deur die lewe vir hom moeilik te maak, met die gevolg dat Ons Farao en almal wat by hom was, saam laat verdrink het.

104. Daarna het Ons vir die kinders van Israel gesê: "Woon nou in die land wat aan Farao behoort het. En wanneer die bepaalde tyd vir die Hiernamaals aanbreek, sal Ons julle almal byeenbring."

105. En met waarheid het Ons dit afgestuur en met waarheid het dit neergedaal. En Ons het jou om geen ander rede gestuur as net dat jy 'n draer van goeie nuus en 'n waarskuwing sou wees nie.

106. Ons het ook die Koran in dele opgedeel, sodat jy dit geleidelik aan die volk kon voordra en dit ook bietjie vir bietjie geopenbaar.

107. Sê vir hulle: "Julle kan dit glo of nie: maar toe dit voorgedra was aan diegene wat voor die ontstaan van die Koran kennis van Allah af ontvang het, het hulle op hulle gesigte in Aanbidding neergeval..."

108. ...en sê verder vir hulle: "Rein is ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Waarlik, die woord van onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer gaan verseker tot uitvoer gebring word."

109. Toe het hulle op hulle gesigte neergeval en gehuil en in hulle harte meer nederig geword.

110. Sê vir hulle: "Noem Hom en spreek Hom aan met die naam: Allah of Alomgenadige, hoe julle Hom ook al aanroep: Sy name is die beste van name. En moenie julle Aanbidding te luidrugtig of te sag doen nie: net so tussen-in."

111. Verder moet julle sê: "Lof behoort aan Allah wat nie vir Hom 'n seun gekry het, of 'n vennoot in Sy koninkryk het nie en ook niemand nodig het om Hom te beskerm as gevolg van een of ander swakheid nie. En verkondig Sy grootheid openlik."

_____

O my Allah, ek bid dat U aan my die insig, wysheid en krag sal gee om hierdie vertaling van die Koran in my moedertaal te voltooi, soos wat U aan die skrywer van die Ma'ariful Quran gegee het.

Dankie vir die wonderlike voorreg.

Ek bid dat U hierdie eenvoudige en nederige poging op hierdie 25ste dag van Maart 2010 om U Openbaring van 1400 jaar gelede, ook in 'n gebruikersvriendelike Afrikaans weer te gee, tot U Eer en in die harte van die lesers daarvan sal seën.

Amen.